PERSVERKLARING

NWK stel eerste onafhanklike direkteur aan

Die direksie van NWK het gedurende Desember 2010 die aanstelling van mnr Derek Foster as eerste onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van dié landboumaatskappy goedgekeur.

Foster (58) was tot einde Desember 2010 verbonde aan die ouditeursfirma PricewaterhouseCoopers se Bloemfontein-kantoor as senior vennoot en het wye ervaring in verskeie industrieë, maar veral in die landbou-industrie.

Sy ervaring, besigheidsnetwerke, eerstehandse kennis van besigheidstendense asook praktiese kundigheid oor die vereistes van King III, sal ‘n aanwins wees vir NWK. Dit versterk ook NWK se fokus op korporatiewe bestuur en deursigtigheid.

Die aanstelling het op 1 Januarie 2011 in werking getree.

Navrae: Johan Bezuidenhout
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK
Tel: +27 18 633 1368
jbezuidenhout@nwk.co.za

Uitgereik deur Infoworks op 12 Januarie 2011
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
johan@infoworks.biz

www.nwk.co.za